

KONTROLELYS BY BEDANKING

Om die Departement in staat te stel om u bedanking aansoek te verwerk en die betaling van u pensioenvoordele te bespoedig, word u versoek om die volgende dokumentasie by die WKOD in te dien.

Bykomende dokumentasie word in geel aangedui en dit is u verantwoordelik om dit te bekom en by te voeg.

✓	NAAM VAN DOKUMENT/VORM	DOEL/BESKRYWING
	1A Bedanking - WKOD E55 Afrikaans OF 1B Resignation - WCED E55 English	Die AANSOEKBRIEF, soos deur die WKOD voorsien, waarmee u kennis gee dat u van voorneme is om te bedank en 'n voorgestelde datum wat u laaste werksdag verteenwoordig. Daar word van u onmiddellike toesighouer (normaalweg die Prinsipaal) verwag om die kennisgewing te teken. Dit word in beide Afrikaans (1A) of Engels (1B) voorsien.
	2A Bedanking - WKOD Diensverlatingsbestuursvraelys vir Werknemers OF 2B Resignation - WCED Employee Exit Management Questionnaire	'n WKOD vraelys om te bepaal waarom werknemers die staatsdiens verlaat en watter moontlike korrektiewe maatreëls die Wes-Kaap Onderwysdepartement kan implementeer om geskoolde en bekwame werknemers te behou. Dit word in beide Afrikaans (2A) of Engels (2B) voorsien.
	3 Resignation - WCED Confirmation of Tax Number	Die doel van die vorm is om u persoonlike inligting t.o.v. u inkomstebelasting te bevestig.
	4A Bedanking - WKOD Aflos van Staatswaarborg OF 4B Resignation - WCED Release of State Guarantee	Die doel van die vorm is dat u finansiële instelling bevestiging kan gee t.o.v. die balans van u staatswaarborg (nie u huisverbandlening nie). Indien u nie van die staatswaarborgskema gebruik gemaak het nie, voltooi asb. afdeling C van hierdie vorm in die teenwoordigheid van 'n kommissaris van ede. Dit word in beide Afrikaans (4A) of Engels (4B) voorsien.
	5 Resignation - GEPF Departmental Liability Claim Form	'n Verpligte vorm waarin u enige skuldverpligtinge wat u mag hê teenoor die WKOD en/of GEPF erken; waarmee u ook die GEPF magtig om sulke bedrae van u pensioenvoordele te hef voordat dit uitbetaal word.
	6 Resignation - GEPF Affidavit Confirm Authenticity of Signature and Thumbprint	Die doel van die vorm is om die GEPF in staat te stel om die egtheid van u handtekening en duimafdruk te bevestig.
	7 Resignation - GEPF Choice form_Resignation or discharge	'n Verpligte vorm, soos verkry vanaf die GEPF webblad, waarin u aansoek doen om u pensioenvoordele uit te betaal volgens 'n bepaalde keuse: (a) Dat 'n eenmalige lomp som bedrag direk in hul bankrekening betaal word; of (b) Dat die aktuariële belang in die Fonds oorgedra word na 'n goedgekeurde Aftreefonds.
	8 Resignation - GEPF Personal Particulars (Z864)	Die doel van die vorm is om u persoonlike inligting te bevestig.
	Gesertifiseerde afskrif van u identiteitsdokument of ID kaart (onthou dat beide kante van u ID kaart op dieselfde bladsy moet vertoon).	
	Gesertifiseerde afskrif van u lidmaatskapsertifikaat van u mediese fonds.	
	Bewys vanaf die ontvanger van inkomste (SARS) m.b.t. u inkomstebelastingnommer. Let wel: dat 'n IRP-5 sertifikaat of salarisstrokke nie voldoende is /aanvaar word nie.	
	'n Gesertifiseerde afskrif van die Fondsregistrasiesertifikaat indien u besluit om die aktuariële belang in die Fonds na 'n eksterne, goedgekeurde Aftreefonds oor te dra.	